

## **FORMALITEITE WAT NAGEKOM MOET WORD BY HUWELIKSLUITING**

Die formaliteite wat nagekom moet word by huweliksluiting word neergelê deur die Huwelikswet, Wet 25 van 1961, soos gewysig, en geld ten opsigte van alle siviele huwelike wat voltrek word binne die Republiek van Suid-Afrika.

In die algemeen bepaal hierdie wet dat 'n huwelik voor 'n wettig aangestelde en gemagtigde huweliksbevestiger voltrek moet word. Daar is ook belangrike voorskrifte wat nagekom moet word ten opsigte van waar en hoe 'n huwelik presies voltrek moet word. Ten opsigte van minderjariges is sekere verdere toestemmings ook nodig. 'n Paartjie wat in die huwelik wil tree moet **voor** die huwelik besluit of hulle binne gemeenskap van goedere wil trou of buite gemeenskap van goedere met die aanwasbedeling of buite gemeenskap van goedere sonder die aanwasbedeling:

### **1. 'N HUWELIK BINNE GEMEENSAP VAN GOEDERE**

Volgens die Suid-Afrikaanse gemenereg word 'n huwelik wat sonder 'n voorhuwelikse kontrak gesluit word, geag binne gemeenskap van goedere te wees. Wanneer partye so trou, ontstaan 'n gemeenskaplike boedel met die twee partye as gesamentlike administrateurs van die boedel. Alle bates van beide partye, hetsy wat hulle tydens huweliksluiting besit of daarna bekom, word in gelyke onverdeelde dele besit deur beide partye en beide partye is ook gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir alle laste (skulde) van enige van die partye tot die huwelik. Juis as gevolg van hierdie beginsel loop partye 'n risiko om binne gemeenskap van goedere te trou aangesien alle boedelbates goedstaan vir alle skulde van enige van die partye. Elke party tot die huwelik het 'n reg om die boedelbates van die gemeenskaplike boedel te vervreem alhoewel die toestemming van die ander party tot sodanige vervreemding altyd benodig word, soms skriftelik en soms mondelings. In die geval van dood van enige van die huwelikspartye val die hele gemeenskaplike boedel onder die administrasie van die Eksekuteur en moet die hele boedel deur die Eksekuteur beredder word. Ook hierdie aangeleentheid veroorsaak praktiese probleme tydens boedelbereddering wat vermy kon geword het deur 'n ander huweliksbedeling te kies.

### **2. BUITE GEMEENSAP VAN GOEDERE SONDER DIE AANWASBEDELING**

In hierdie geval moet die huwelikspartye **voor** huweliksluiting 'n Notariële Voorhuwelikse kontrak laat opstel en verly voor 'n Notaris. Indien dit gebeur, is die gemeenskap van goedere en van wins en verlies uitgesluit en is elke party die eienaar van sy of haar eie boedelbates. Baie basies gestel kom hierdie huweliksbedeling neer op die beginsel "wat joune is, is joune, en wat myne is, is myne". Wat belangrik is, is dat partye nie vir mekaar se skulde aanspreeklik is nie, behalwe indien hulle oor en weer vir mekaar borg geteken het. In geval van dood word net die oorlede party se

boedel geplaas onder die administrasie van 'n Eksekuteur en beredder deur die Eksekuteur.

### 3. **BUIITE GEMEENSKAP VAN GOEDERE MET DIE AANWASBEDELING**

Ook in hierdie geval word, deur middel van 'n voorhuwelikse Notariële huweliksvoorwaardeskontrak (wat ook **voor** huweliksluiting voor 'n Notaris verly moet word) die gemeenskap van goedere en van wins en verlies uitgesluit. Elke party is dus weereens verantwoordelik vir sy of haar eie skulde en die eienaar van sy of haar eie bates. Hierdie bedeling maak egter daarvoor voorsiening dat bates wat tydens die duur van die huwelik bymekaar gemaak word, ongeag op wie se naam dit geplaas word, in gelyke dele deur die partye gedeel sal word by ontbinding van die huwelik. Hierdie bedeling is 'n populêre keuse vir paartjies wat vir die eerste maal trou en nog nie groot en waardevolle boedels bymekaar gemaak het nie. Aanwas beteken in wese dat behalwe vir sekere bates wat deur die partye tydens die aangaan van die aanwas uitgesluit word, alle ander boedelbates en die groei daarvan, deel vorm van die aanwasboedel wat in gelyke dele tussen die partye verdeel sal word ingeval van dood of egskedding. Hierdie bedeling bied 'n oplossing waar partye dikwels bekommerd is daaroor dat boedelbates wat tydens die duur van huwelik bekom word deur die een party, nie sekuriteit bied vir die ander party nie. Die aanwasbedeling los hierdie vrees op.

### 4. **SAAMBLY OOREENKOMSTE**

Dit gebeur ook meer en meer dat twee mense nie noodwendig in die huwelik wil tree nie, maar slegs wil saamleef vir 'n bepaalde of onbepaalde tydperk. Die vraag wat dan ontstaan, is wat die gevolge van so 'n saambly-verhouding mag wees wat betref bates en ander finansiële komplikasies. Daar bestaan geen vermoede van 'n huwelik in die Suid-Afrikaanse reg nie en ongeag hoe lank partye saambly, sal hulle nie geag word met mekaar getroud te wees nie.

Alhoewel 'n sogenaamde gewoontereg huwelik of saambly-ooreenkoms nie erken word as 'n huwelik volgens die Suid-Afrikaanse reg nie, ontstaan die vraag tog of daar nie een of ander meganisme is waarvolgens die verdeling van bates, bymekaar gemaak gedurende so 'n saambly-verhouding, verdeel kan word nie.

Indien partye saamgebly het en kan bewys dat daar 'n universele vennootskap tussen hulle bestaan het, sal alle eiendom van sodanige universele vennootskap geag word gesamentlik besit te word deur die twee partye en alle skulde sal geag word gesamentlik en afsonderlik die verantwoordelikheid te wees van die betrokke partye.

So 'n universele vennootskap stem baie ooreen met 'n besigheid wat in 'n vennootskap bedryf word en vir so 'n vennootskap om te bestaan sal bewys moet word dat die vennootskap ten doel gehad het om 'n wins te maak, dat beide partye tot die vennootskap bygedra het en dat die

vennootskap tot voordeel van beide partye bedryf is. So 'n vennootskapsooreenkoms moet natuurlik ook wettig wees. By gebreke aan 'n universele vennootskapsooreenkoms is dit soms ook moontlik om 'n stilswyende ooreenkoms te kan bewys tussen die partye wat betref die boedelbates en laste van die partye. Sodanige stilswyende ooreenkoms sal afhang van die omstandighede van die saamblyverhouding. Indien 'n saamblyverhouding bestaan en 'n vennootskapsooreenkoms **nie** bewys kan word nie, bring dit mee dat:

- 3.1 Die partye tot die saambly-ooreenkoms geen wedersydse pligte teenoor mekaar het nie.
- 3.2 Die saambly partye nie uitgesluit is van skenkingsbelasting ingeval van skenkings aan mekaar nie. ('n Man en vrou wat wettiglik met mekaar getroud is, is vrygestel van skenkingsbelasting wat betref skenkings aan mekaar.
- 3.3 Die saambly partye geen voordeel sal trek uit die wetgewing met betrekking tot vrystelling ten opsigte van boedelbelasting met betrekking tot bemakings aan eggenotes nie.
- 3.4 'n Saambly partye nie erken word as 'n intestate erfgenaam van die ander partye nie.

Omdat die bestaan van 'n universele vennootskap dikwels baie moeilik is om te bewys, word aan die hand gedoen dat partye wat in 'n saamblyverhouding betrokke wil raak 'n behoorlike saambly- ooreenkoms moet laat opstel met betrekking tot aangeleenthede soos eiendomsreg oor boedelbates, onderhoudsverpligtinge, onderhoud van die gemeenskaplike eiendom en verdeling van bates by beëindiging van die saamblyverhouding, hetsy deur ooreenkoms of by dood, ensovoorts.